is gewillig om dit te doen, en sal aanhou solank as ons maar gewillig is om hulle te onderhou. Onthou dit, hulle is omring van honderde heidene, en vir weke aaneen sien hulle g'n witmense nie. Hulle het nie al die geriewe wat andere het nie. Op baie plekke is daar geen botter, geen melk, en maar baie min vrugte en groente: al hulle inkopies moet of oor die pos, of deur vriende gedaan word. Stel usef vir 'n oomblik in hulle plek, en dink aan al die ongeriewe. Maar nieteenstaande dit alles nie, word die werk aan die gang gehou, en blymoedig druk hulle aan. Hulle het u daelike gebede en bystand nodig. Op die oomblik het ons 'n versoek uit noordelike Nyasaland—ons het nog geen werker daar nie. Hoe graag wil ons nie daar 'n begin maak nie. Ons is inderdaad bang om die kaptein daar te besoek, want ons sal niemand daar kan agterlaat nie. Sal iemand gaan? Sal iemand die middels verskaf? Dan is daar weer 'n roepstem uit Angoniand! Daar wil ons op geloof ingaan. Op die oomblik het ons maar £10 beskikbaar—dit was deur 'n vorige werker gegee om die eerste skool daar te stig. Ons moet handelend ootree; ons moet 'n plan maak om die lig daar aan te steek. 'n Paar dae gelede het ek Leraars Watson, Wright en Boger daarheen geneem om die plek te besigtig waar ons die sendingstasie wil vestig. Dit was bemoedigend om te sien hoedat die Leraars die een stat na die ander tel, wat rondom ons sigbaar was, en wat die boodskap moet hoor.

By elke kampvergadering was daar afgevaardigdes wat versoeke ingedien het om skole en werkers, maar ons kon hulle geen antwoord gee nie. Die tyd het egter aangebreek om voorwaarts te gaan, en om 'n noodsein aan elke leser van die OUTLOOK uit te stuur om hulp. Ons moet ingaan terwyl die deure oopstaan.

Laat my weer onder u aandag bring die noodsaaklikheid om ons gevestigde stasies uit te brei. Ons het middels nodig om nog 'n blanke onderwyser aan te stel aan ons opleidingskool, maar weens gebrek aan middels kan ons dit nie doen nie; daarom moet die oorwerkte staf maar nog aansukkel. Ons personeel is so klein en die skole so groot, dat dit vroeg opstaan en laat werk beteken vir die paar werkers wat ons nou het.

Op elke stasie is daar gebrek aan graan-tenks om voedsel vir die studente in te stoor. Ons moet as 't ware van die hand tot die mond lewe. As ons maar net geld had om 'n paar graan-tenks aan te skaf sou dit 'n groot verligting vir ons wees. Dan wil ons ook so graag watertenks hê; op die oomblik moet ons water meer as 'n myl ver dra, en dit kook. 'n Watertenk op elke stasie sou 'n baie groot seën wees.

Broeders en susters u getrouheid in die aanstaande Oesinsamelingsveldtog sal ons instaat stel om nog 'n werker in te neem, en dit sal meer siele vir die Here beteken. Ons hier in die sendingveld sal ons deel bydra en elke dorpie binne ons bereik solistiteer. Ons moet ons gestelde doelwitte

bereik. Ons doen 'n beroep op u om ons mediese werk te ondersteun. Dit sal u hart breek as u party van die arme siele sien wat hulp nodig het, maar wat ons nie kan help nie weëns gebrek aan middele. Mag die Here ons almal help om gehoor te gee aan die versoek „Gaan werk vandag in My wingerd.” Die Here het ons alreeds die oorwinning gegee as ons maar net soos één man sal voorwaarts gaan. „Staan op, word verlig; want jou lig kom.”



## 'n Dringende Versoek Uit Angola

C. W. CURTIS

WANNEER daar 'n werk is wat God wil gedaan hê, berei Hy altyd die weg voor; God se planne misluk nooit. Toe Moses deur God beveel was om Israel uit Egipte na die beloofde land te lei, het God die weg voorberei, en dit was moontlik vir hulle om die reis in 'n baie kort tydjie af te lê. Om moed en geloof in te boesem het God die Rooi See vir hulle droog gemaak, en hul redding was die vernietiging van hul vyande.

Ons lees „'n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek.” Hulle is saam deur die Rooi See, almal het van die manne geëet, almal het van die water uit die rots gedrink. Sommige egter het getwyfel aan Gods almag om alles te doen wat Hy belowe het, en hul harte het weer die dinge begeer wat hulle agtergelaat het, en dit het die hele menigte tot skande gestrek.

Te Kades-Barnéa, toe die spioene teruggekem het met hul goeie rapport van 'n land oorlopende van melk en heuning, het party gerebelleer omdat daar moeilikhede in die pad was. Hulle het die leiers gekritiseer omdat hulle gewaag het om te sê dat hulle die land kon inneem; en dit tenspyte van die feit dat God se gebod aan hulle was om op te trek, en Sy belofte: „Ek sal met julle wees.” Daar was diegene wat gesê het „dit kan nie gedaan word nie” en daardeur het hulle wanhoop en neerlaag aan die hele menigte besorg, met die gevolg dat hulle vir jare in die woestyn rondgeswerf het—en dit net omdat hulle nie eensgesind was en saam opgetrek het nie.

Ons staan vandag op die grense van die beloofde land. Ons het die versekering dat „hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld . . . en dan sal die einde kom.”

In die Suidelike Afrikaanse Divisie is daar baie gebiede wat nog nie binnegedring is nie. Daar is behoefte aan manne en middele om die werk te doen voordat ons kan ingaan en die land in besit neem. Die manne word voorberei, en God sê die goud en die silwer is Syne, dus is daar nie gebrek aan middele nie.

Derhalwe is die groot behoefte vandag, 'n toewyding aan die diens van die Here, van onself en alles wat ons besit. Daar is groot behoefte aan eensgesindheid op

elke gebied. Op die oomblik is die Oesinsamelingsveldtog voor ons. Sommige mag reken dat die doelwit te hoog gestel is, en „onmoontlik” is. Laat my hier iets aanhaal wat ek eenmaal gehoor het, dit het 'n diepe indruk op my gemaak, en het steeds al die jare by my gebly: „Die beste plan op aarde sal misluk as dit nie uitgevoer word nie, en die swakste een sal slaag, as almal dit aanpak.” Ek glo daar is baie waarheid hierin. Laat ons dan nie die plan kritiseer nie, maar dit uitvoer. Dit sal slaag, en daar sal 'n groot tevloeï wees in die skatkis van die Here; die werk sal uitbrei soos die Here verlang, tenspyte van alle skynbare moeilikhede.



## In die Krisis Uur

J. F. WRIGHT

TERWYL ons getroue uitgewers asook ons godvresende kolporteurs vir jare al die leuse huldig dat „daar geen krisis by die Here is nie,” moet ons erken dat daar tye is wanneer ons nie weet hoe om te voorsien in al die behoeftes van die werk nie, en vandag is geen uitsondering op die reël nie.

Skyrwer deses, vergesel van Leraar C. H. Watson, is pas teruggekeer uit Noordelike Rhodesië en Nyasaland waar hulle 'n reeks kampdienste bygewoon het. Ons was verbaas oor wat ons gesien en gehoor het. Nog nooit tevore het die inboorlinge so 'n beroep op ons gemaak om aan hulle die waarheid te verkondig soos nou nie. 'n Paar dae gelede het Leraar W. L. Davy die opgemerkte gemaak dat „Nyasaland ryp is vir die oes en oop vir ons,” en ek moet erken dat ek oortuig is gedurende my besoek dat dit die waarheid is.

Leraars Watson, Boger, Sparrow, Dr. Marcus en ek het 'n dag in Angoniland deurgebring waar opperhoof Gomani die deur vir ons wyd ooggemaak het. Toe ons op die plek staan waar ons voornemens is om ons sendingstasie te bou en vanwaar ons myle ver in alle rigtings kon sien, het hierdie arbeidsveld voorwaar veelbeloewend gelyk. My broeders en susters hier moet ons ingaan sonder verwyl.

Toe ek luister hoe Broeder Davy van die openinge in Somba vertel, en Broeder Stevenson van die dringende versoeke uit die Thekerani distrik, en Broeder Lyndon Tarr omtrent die oproepe en openings in Noord-Nyasaland, het my hart in my gebrand. O, hoe wens ek dat ons elkeen van hierdie broeders 'n helpende hand kon reik! Maar ons fondse laat dit nie toe nie. Waarlik, ek het my verbaas oor hoeveel hierdie broeders doen met sulke beperkte appropriasies. Hulle het waarlik die plek bereik waar hulle as 't ware „stene sonder strooi,” maak, en die taak word geweldig.

Wat waar is van Noordelike-Rhodesië en Nyasaland, is net so waar omtrent ander dele van die Divisie. Ek is nou al oor die nege jaar in Afrika en nog nooit tevore het ons meer bewys gehad dat ons in die tyd van die „spade reën” lewe nie. Nog nooit was die versoeke om hulp so ernstig nie. Nog nooit was die moeilik-

hede so groot nie. O, hoe sal ons voorsien in die behoeftes van hierdie uur en die probleem oplos waarvoor die Divisie staan!

Wel, my liewe mede-gelowiges, die wonderbare manier waarop God werk en die openinge in die sendingveld, bied vir ons 'n gulde geleentheid om met groter spoed die teenwoordige waarheid te versprei. Om nie die allerbeste gebruik van hierdie geleentheid te maak nie, sou niks minder as tragies wees nie, want dit sou beteken dat 'n menigte siele vir ewig moet verlore gaan.

Waar ons dus die toestand eerlik oorweeg, moet ons erken dat ons 'n krisis-uur bereik het en dat ons nie in staat is om gehoor te gee aan talle van die ernstige beroepe wat ons moet in oorweging neem nie. Ons kan nie ontken dat hierdie toestand ernstig is nie, want hoe kan ons ons doof hou vir diegene wat smee om die lig van die Evangelie?

Daarom wil ons ons werkers en kerklede vra dat ons Oesinsameling fondse hierdie jaar die inkomste van 1933, met die bedrag van £500 sal oortref. Tye is beter; ons sal die geld makliker kry, laat ons dus werk en bid om hierdie addisionele bedrag op te bring. Ons vertrou dat elkeen sy deel sal doen om dit vir ons moontlik te maak om baie van hierdie versoeke toe te staan voordat dit te laat is.



## Die Behoeftes van die Suid Afrikaanse Unie

N. C. WILSON

DIE sukses of mislukking van die werk van die Suid-Afrikaanse Unie hierdie jaar, hang af van die sukses of die mislukking van die Oesinsamelingsveldtog van 1934. Ons vestig ons oë op die 1934 veldtog om ons in staat te stel om ons werksaamhede voort te sit en nie terug te val nie. Dis iets wat ons nog altyd probeer het om te verhoed. Die kerkskole in die konferensie se oë is gevestig op die veldtog, vir ondersteuning. In pleks van in te krimp wat betref ons kerkskoolbeleid, behoort ons tenminste drie of vier nuwe skole te stig aanstaande jaar. Ons werk onder die bruinmense staan voor groot probleme, het groot verantwoordelikhede, en skitterende kans vir uitbreiding. Enige tekort in die Oesinsamelinginkomste sal 'n terugslag beteken vir ons werk onder die bruinmense, waar daar sulke pragtige vooruitgang was die afgelope paar jaar. Die saak is so helder as die dag—'n tekort hierdie jaar sal die unie konferensie in groot verleentheid dompel.

Maar laat ons die hele saak liever uit hierdie oogpunt beskou. Die werkers en gelowiges in Suid-Afrika glo van harte in die Oesinsamelingsidee. Die afgelope vyftien jaar het bewys geleer van hulle getrouheid om langs hierdie weg fondse in te samel vir die instandhouding en uitbreiding van Gods werk. Die Suid-Afrikaanse Unie het 'n tradisie in hierdie opsig waarop hulle tereg kan trots wees. Dit skyn

asof ons in Suid-Afrika dit geniet om in te samel, en te volhard totdat ons doel bereik is. Waar ons nou voor die 1934 veldtog staan, weet ons dat hierdie selfde gees van getrouheid en samewerking ons weer sal besiel soos in die verlede.

Ons aanvaar dus die veldtog hierdie jaar met volle vertroue in God, en in die getrouheid en koöperasie van elke werker, broeder en suster—jonk en oud—oor die hele Unie. Ons verwag hierdie jaar die beste veldtog in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Unie. Ons doen 'n ernstige beroep op u, en rig aan elke werker en gelowige in die Suid-Afrikaanse Konferensie, die sendingveld, en die Departement vir Bruinmense, 'n dringende uitnodiging om die werk met 'n toegewydheid en vasberadenheid soos nog nooit tevore, hierdie jaar aan te pak, en om te volhard totdat die saak afgedaan is, en die fondse wat ons werk só nodig het, ingesamel is.



### 'n Roepstem uit die Kongo

Ons wil hê, geagte gelowiges, dat u moet inluister na 'n geroep uit duisende monde in hierdie land van geestelike duisternis. Dis 'n uitroep van blydskap, sowel as 'n smeeking om hulp. Blydskap vanweë die lig wat daar temidde van die skaduwees opgaan, en 'n smeekgebed om nog meer lig.

Veronderstel dat u op 'n sinkende skip wag op die reddingsboot. Eenmaal, tweemaal, driemaal het die boot die wrak besoek en 'n aantal passasiers afgehaal. As die boot nou weer kom dan is dit u beurt. Hoe angstig staar u in die donker om die reddingsboot te sien; maar instede van die boot, waai daar 'n boodskap oor die ruwe bare heen, „Ons kan nie weer kom nie, die boot lek!”

Watter foltering sal dit nie vir u wees nie om daar op die sinkende skip te staan terwyl die einde elke oomblik nader kom. Af, af, altyd laer, gaan die sinkende skip. Die strand is so naby—maar, daar is geen boot om u te kom afhaal nie. As u u so'n haglike toestand kan voorstel, sal u 'n beter besef kry van die toestand van duisende in hierdie land, wat nog in 'n toestand van groter wanhoop verkeer, weëns gebrek aan middele om onderwysers en evangeliedienaars te stuur om hulle uit die duisternis te bring.

„Die volk wat in die duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn.”

Voorwaar, die mense hier het 'n groot lig gesien! Ons groot probleem is om die menigtes, wat die boodskap aanneem as gevolg van die arbeid van ons Strewers, behoorlik te bearbei. Sake verkeer nou in so'n toestand, dat as ons nie ons werkerskorps met onderwysers en evangeliste kan aanvul nie, sal ons, wat aggressiewe evangelisasiewerk betref, die breek moet aandraai. Ons het alreeds instruksies uitgevaardig, om stadiger te gaan.

Welk 'n aanroep tot die laaste gemeente!

Welk 'n aanroep tot hul liefde, hul offering, en hul geloof! Welk 'n aanroep tot u, geagte gelowige! Hoe gaat u dit aanvaar?

U kan daarmee help. Die enigste hoop van die Divisie om die krisis tegemoet te gaan, is langs die weg van die oesinsame-ling U kan help om die veldtog hierdie jaar die grootste te maak wat die Suid-Afrikaanse Divisie nog ooit beleef het. Ons het hier alles gedoen wat ons kan. Ons loonskaal is baie laag, en vele van ons onderwysers ontvang helfte minder as die padwerkers hier. Ons het die snoeimes so vry gebruik dat nog net die stam van die boom oorgebly het. Ons kan nie meer doen nie.

En boonop dit alles nog, is daar weer 'n besnoeiing in die appropriasies, terugwerkende tot 1 Januarie. Ons sal aangaan met die werk so goed ons kan, maar die enigste manier om 'n antwoord te gee op die angkrete van diegene nog op die sinkende skip, is om 'n groot surplus in die Oesinsame-lingveldtog te besorg. Ons glo vas dat God die middele sal voorsien as Sy volk maar gewillig is om die taak met geloof, ywer, en moed aan te pak.

Ons laat die „Roepstem uit die Kongo” aan u oor, geagte leser, met die vertroue dat u hart van liefde en medelye daaraan sal gehoor gee.

Die volk het 'n groot lig gesien, en gaan u hulle in die doodskaduwees laat voort bly? (Bygedra.)

## S. A. Unie-Konf.

N. C. Wilson ..... *President*  
 J. E. Symons ..... *Sekr.-Tes.*  
 Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

### 'n Onderhoud met die Mediese Sekretaris

DIE mediese werk het twee aspekte, n.l., (1) die deel wat u help; (2) die deel wat u voorberei om andere te help. Albei 's ewe belangrik. Op bladsy 425 van „Counsels on Health,” lees ons dat, „Die tyd aangebreek het vir elke lid van die kerk om die mediese sendingwerk aan te pak.” Dit beteken u!

Wel, my broeder, my suster, gaan kyk na uself in die spieël en vra uself twee vrae:

1. Doen ek mediese sendingwerk?
2. Indien nie, waarom nie?

Om een of ander rede, voel baie dat hulle die mediese sendingwerk aan dokters en verpleegsters moet oorlaat. Hulle is tog seker die mense wat die werk behoort te doen? Ja, hulle is. Hulle is spesiaal daarvoor opgelei, en die Here seën die werk van Christen-dokters en verpleegsters. Maar hulle kan nie die werk doen waarvoor God u geroep het nie.

Een van die opsigte waarin die Derde-

engelboodskap verskil van ander denomi-nasies is dat ons aandag wy aan gesondheid. Die wêreld is deurweek van alkohol, tabak, tee, koffie en baie erger ewels. Selfs die Kristelike kerk neem hierdie dinge vir lief en wy geen aandag daaraan nie. Maar met die laaste kerk van God is dit anders gesteld. Die Here leer ons: „Reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die Here.” En as ons ware gesante vir Hom is, sal ons deur lering en voorbeeld aandrang op reinheid van die sieletempel n.l. die menslike liggaam. Dit moet gedoen word deur elke lid van die Sewende-dag Adventiste Kerk. Dit beteken u!

Hieruit sal u merk dat die eerste stap in die aanpakking van die mediese sendingwerk is om in staat te wees om deur u eie lewe die waarheid en die gesëende uitwerking van gesondheidshervorming te demonstreer.

Ek het hierdie week 'n man besoek wat ly aan 'n ongeneeslike hartkwaal. Hy was baie ontmoedig en die versoeking om selfmoord te pleeg was byna onweerstaanbaar, daar hy gevoel het dat hy net 'n las 's vir sy familie. Uit hierdie toestand is hy gered deur die Gees van die Here wat deur die Woord tot hom gespreek het en hy het tot bekering gekom. Sy leraar het hom besoek, maar al wat die gedoen het, was om hom te belowe om vir hom 'n betrekking te soek. Een van ons getroue susters het hom ook besoek. Sy het vir hom blaaie geneem waaruit hy die waarheid kan leer, met hom gepraat oor sy Christelike lewe, en langs sy bed gekniel en vir hom gebid. Hy het my vertel dat hy nie daarop gesteld is om weer die predikant te sien nie, maar dat hy die besoek van die sending suster op prys stel.

Ja, u het opleiding nodig vir die mediese sendingwerk, en ons maak planne om te voorsien in hierdie behoefte. Maar God kan nou u talente gebruik, as u hulle aan hom toewy.

## Buurtsending Dept

F. E. Potter, *Sekretaris*

### Voorwoord deur die Buurtsending Departement

F. E. POTTER

DIE veld het u nodig! Dink u nie so nie? Kyk na die prent op ons buiteblad en gaan die dringende behoeftes van die veld na. Lees die oproepe van die verskillende leiers in hierdie uitgawe. Uit alle dele van die groot veld kom die stemme—smekende stemme—van diegene in duisternis wat pleit dat ons vir hulle waarheid, gesondheid en vrede moet bring. Kan Gods volk hulle doof hou? Kan u as 'n kind van God u diens weier?

„Miljoene op miljoene verloregeaande siele, gebind met die bande van onkunde

## The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON ..... Editor  
MRS. J. L. MILFORD ..... Asst. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS  
J. F. Wright ..... President  
A. E. Nelson ..... Treas. and Auditor  
A. F. Tarr ..... Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge ..... Medical Secy.  
M. P. Robison ..... Ed. and M. V. Secy.  
F. E. Potter ..... H. M. and Field Miss. Secy.  
J. I. Robison ..... Religious Liberty Secy.

en sonde, het nog nooit eers gehoor van die liefde van Christus nie. Wat sou ons van hulle verlang as ons in hulle plek was en hulle in ons s'n? *Dit is ons plegtige verantwoordelijkheid om, sover moontlik, dit alles vir hulle te doen....* 'Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen—net so moet julle aan hulle ook doen.' Dit is die toets van Christus wat elkeen van ons in die oordeel moet deurstaan."—*„Desire of Ages,”* blss. 640, 641.

Ons glo van harte, geagte leser, dat u, as 'n ware Sewende-dag Adventis, gereed is om u deel te doen en te help om in die beoefenes van die veld te voorsien.

Ons vertrou dat die liefde van Christus, wat so ryklik op u uitgestort is, u sal dring om hierdie jaar 'n spesiale poging aan te wend om die Oesinsameling fondse te styf.

Daar is weer voorspoed in ons land. Geld is daar in oorvloed in die dorpe en op die platteland. Ons is verseker daarvan dat ons vér meer kan insamel as wat die Divisie sig tot doel gestel het, as al „die huisgenote van die geloof” blymoedig 'n handjie sal bysit met die insameling.

Die veld het u nodig, geagte leser—u sal diegene wat op u hulp reken in hierdie tyd van krisis, nie teleur stel nie, sal u? Ek kan dit nie dink van enige ware Sewende-dag Adventis nie, en daarom wil ons u by voorbaat verseker van ons dankbare waardering en u die Here se rykste seën toewens vir die oesinsameling.

✻ ✻

### Helderberg News Notes

AN appropriate recognition of Union Day was observed at the college by a varied programme of speeches and music.

FIRE drills are now being held once a week. The chapel was cleared of students in less than one minute at a recent drill. Mr. Marais is fire chief.

ELDER EDWARDS and Mr. W. F. Tarr appear to be very happy over the fact that their classrooms have recently been added to the list of completed ones.

A CLUB of 500 *Signs and Tekens* have been ordered for systematic door to door distribution in Somerset West. The stu-

dents will distribute these as Sabbath afternoon missionary work.

MRS. GARNE and family recently moved into the old Erice Lodge. Mr. Bell and Mr. Van Eck have set up housekeeping in one of the rooms formerly occupied by Mrs. Garne in the woodwork building.

THE Kuisqua Club, a cultural organisation of the young women, gave a very interesting Mother's Day programme on May 27. A most artistically decorated platform helped to enhance the excellent selections of reading and songs. Each mother present had a flower pinned on her.

THE clarion call to Harvest Ingathering activity was sounded by Elder A. W. Staples at chapel exercises June 4. Once

## Go Ye Therefore

By the Late

AMOS R. WELLS

Since the world is dead in sin, go ye therefore; since the Cross has power to win, go ye therefore; since the Devil and his host madly vaunt and ever boast, warning to the farthest coast, go ye therefore. Brief the years of mortal life; go ye therefore. Timeless issues end its strife; go ye therefore. Men are passing, early, late, passing to eternal fate, and the season will not wait; go ye therefore. Christ has come, the crucified; go ye therefore. To the souls for whom He died, go ye therefore. All His words, His toil, His pain, once are given—not again; let them not be given in vain; go ye therefore. Yours the power to do the work; go ye therefore. Yours the order, do not shirk; go ye therefore. Christ your Comrade goes with you, ever able, ever true; He will see the journey through; go ye therefore. Yours will be a high reward; go ye therefore. Yours the “well done” of the Lord; go ye therefore. Yours the blessed, sweet renown of the jewels in your crown, yours the home in Glory Town; go ye therefore. GO!

again the spirit of Helderberg burst forth when 110 volunteered for service. Unfortunately only about half this number can be utilised because there are only two or three cars available and our territory lies at some distance. The stage was all set for Tuesday morning, but a downpour of rain prevented the ingatherers going out. Wednesday was favourable, however, and parties went to Paarl, Cape Town, Villiers-

dorp, French Hoek and also to the surrounding farms.

✻ ✻

It is with extreme regret that we have to announce that the *College Clarion* will be discontinued, at least for the present. The only reason to be assigned is simply lack of support. A subscription list of at least 300 was necessary to maintain the paper financially, but the list of subscribers had dropped considerably below this. The only way to continue would have been for the college to subsidise the paper heavily. This was done for about a year in the hope that the subscription list would grow. The management of the college did not feel disposed to subsidise the paper indefinitely, hence this notice of its being discontinued. All unexpired subscriptions will be refunded for the length of time still remaining. The staff of the paper recognise that irregularity in getting the papers to the subscribers has been an unfavourable factor and they accept their due measure of blame. Students who are under the strenuous programme as at Helderberg do not find much time for extra curricular activities.

✻ ✻

## Helderberg Ingathering

A. W. STAPLES

HELDERBERG COLLEGE was the scene of great drives and enthusiastic Harvest Ingathering the first week in June.

It was the writer's privilege to be associated with the Missionary Volunteers at the college again this year. Many volunteering for service and careful planning was the background for two days of campaigning. Motor-car, bus, and push-bicycle parties set out while it was yet dark. Lack of conveyances hindered and limited the number of drives, but those launched proved far more successful than those of recent years. In two days nearly £170 was ingathered. A large section of territory still remains to be worked. The victory drives will be put on early in July.

Our students went from victory to victory in thrilling drives. Helderberg has taken the lead and proved that we can expect much larger results in 1934 from loyal enthusiastic and continued efforts than in recent years. Shall not every one join the campaigners and strike for a glorious victory—an old time victory—this year?

We are especially looking to the Missionary Volunteers, both Seniors and Juniors to deliver the “heaviest blows for God.” Let us go over the top of the Missionary Volunteer goal in four weeks.”

✻ ✻

“THINK as much as you talk, or at least talk as little as you think.”

✻ ✻

“KINDNESS has converted more sinners than zeal, eloquence, or learning.”